# Die Handelaars

Ismael skuif ongemerk op die saal. Loer onderlangs of sy pa iets oplet. Soos gewoonlik sit sy pa rustig en wieg in gelid met die skip van die woestyn. Die ou man is behoorlik taai. Sy eie sitvlak voel al soos ‘n ou wynsak wat te lank in die son gebak het.

“Ons is amper by die putte van Dotham. Gewoonlik is daar genoeg water.” Sy pa leun oor en klop hom op die skouer. “Jy doen goed. As jy so voortgaan kan jy dalk die volgende karavaan ekspedisie op jou eie hanteer.”

“En my deel van die wins verdien?” Ismael kyk hoopvol na sy pa. Hierdie is die eerste karavaan wat hy die leiding mag gee – voorwaar ‘n stywe toets. Maar wel onder sy pa se alsiende en kritiese oë.

Die ou man glimlag ondeund. “Miskien. Jy wil dan seker jou eie tent opsit saam met daai dogter van Nasir.” Hy voel dit hitte opstyg na sy gesig. Sy pa lag uitbundig.

“Daar is die waterputte.” Ismael wys met sy vinger. Die kamele kan ook die water ruik en begin vinniger loop. Die palmbome kom vinnig nader.

Deur die hittegolwe sien hy daar is heelwat mense en skape by die water. Dit lyk na omtrent tien mans. Sy pa kyk verwagtend na hom. Hy moet nou mooi dink.

Ismael strek sy arm in die lug en trek sy kameel na die kant. Geleidelik stop die hele karavaan. Hy wag tot die stof sak en wink twee van die manne nader en gee die teken. Hulle knik, voel onder die saals, haal hulle swaarde uit en bind dit openlik rondom hulle heupe. Die spiese kom uit die skedes en hul hou dit regop langs die kamele.

“Almal. Wag hier tot ek die teken gee.” Sy stem klink gelukkig vol selfvertroue. Hy draai die kameel om en die driemanskap ry reguit na die waterputte. Nie te vinnig sodat hulle soos ‘n bedreiging lyk nie, maar ook nie huiwerig om enige swakheid te wys nie.

Hulle stop ‘n hele paar meter voor die groep mans. Hy bekyk hulle noukeurig. Skaapwagters. Seker ‘n klomp Jode uit Hebron. Hy sien nie veel wapens nie, net kort messe en hulle lang stawe.

“Ek groet julle in die naam van Abraham. Ons kom in vrede.” Hy lig sy regterhand met ‘n oop palm. “Ek is Ismael, seun van Ahmed van Gilead. Ons is handelaars en wil ons kamele laat drink.”

Die een man staan vorentoe. “Gegroet. Julle is welkom. Die een put is droog maar die ander het genoeg water.”

Ismael knik en glimlag vriendelik. Hy wil die teken na agter gee vir die karavaan om nader te kom, maar hy huiwer. Iets pla. Hulle lyk gespanne. Loer onderlangs na mekaar. Hy doen wat sy pa hom geleer het. Niks. Hy laat die stilte strek en wag.

Na wat soos ‘n ewigheid voel draai hulle om en keer hulle skape weg van die waterput. Hy wag en hulle beweeg na die droë put en gaan sit op die klippe. Hy ontspan effens en gee die teken na agter.

Oomblikke later kom die karavaan ingewaggel en die drywers begin die kamele water gee. Hy laat sy kameel buk en gaan staan in die koelte. Hy hou sy arms gevou vir ‘n ruk. Almal ken die teken – dis veilig hier maar bly waaksaam.

Sy pa kom nader. “Iets fout?”

“Nee, Pa.” Hy knik sy kop in hulle rigting. “Net gewone skaapwagters. Maar hulle lyk vir my senuagtig. So, ek is maar net oorversigtig.” Hy kyk weer berekend in hulle rigting. “Kyk hier kom een nou nader. Laat ek hoor wat hy soek.”

Hy ontmoet die man halfpad en wag geduldig om te hoor wag aangaan.

Die man sug en kyk van Ismael terug na sy makkers. “Julle is mos handelaars. Ons wil iets verkoop. Sal julle belangstel?” Ismael knik verbaas. Die man wink met sy kop en draai om. Ismael roep die twee manne met die swaarde nader en volg hom.

By die droë put stop Ismael verbaas. Tussen die mans staan ‘n jong seun met net ‘n lendekleed aan. Hy is vol stof en modder. ‘n Hele paar kneusplekke. “Ons wil die slaaf verkoop. Veertig silwer stukke. Hy is gesond en ‘n goeie werker.”

Ismael kyk verbaas na die seun. Hy beduie met sy kop. Een van sy manne stap nader en ondersoek die seun soos ‘n vendusie skaap. Hy kyk terug na Ismael en knik effens.

Ismael dink vinnig. Hier is ‘n slang in die gras. Die groep manne trap senuagtig rond. Niemand kyk hom in die oë nie. Dit is ‘n kopersmark hierdie. Sy pa het hom mooi geleer om die situasie te lees. Hy behoort die slaaf te verkoop vir meer as vyftig silwer stukke.

“Twintig silwer stukke.” Hy begin met ‘n lae prys. Amper beledigend min.

Hulle sit koppe bymekaar en hy kan hoor hulle gesels driftig. Hy weet die teenaanbod kom, hy ken die volk. Hulle kan besigheid doen. Lank redekawel. Hardkoppig, tot oor die laaste sent.

Die leier draai na hom. “Dis is reg. Twintig silwer stukke.”

Ismael sluk sy verbasing. Sy pa gaan baie tevrede wees.

***

Ismael skrik verward wakker. Hy sit vinnig regop. Die koue woestynwind droog die sweetdruppels op sy voorkop. Vervlaks. Weer dieselfde droom. Dit ontstig hom elke keer.

Hy staan op en loop deur die kamp. Groet sag die slaperige nagwag. Kyk of die kamele en manne reg is, dan na die slawe. Almal slaap vas.

Hy gaan sit op ‘n klip en staar na die hemelryk. Die sterre blink oor die wye woestyn sand. Maar sy gedagtes is in ‘n warboel soos ‘n stofstorm.

“Pla iets vir Meneer?” Ismael wip van die skrik. Agter hom staan die jong slaaf . Noudat hy skoongemaak is, kan Ismael sien hy is ‘n mooi seun. Hy gaan ‘n goeie prys haal as hy hom aan die regte koper verkwansel.

“Nee. Kom terug op jou plek.” Hy antwoord kortaf. Hy voel jammer vir die seun, maar wil dit nie wys nie.

“As meneer sukkel met ‘n slegte droom, kan ek dit vir U uitlê.” Die slaaf se stem is sag, maar tog duidelik.

“Hoe weet jy... van my droom... ek het nog niemand vertel nie?” Ismael se mond hang oop.

“Ek kan ook nie slaap nie. Ek sien elke aand dat U rondrol en dan wakker skrik.” Die slaaf twyfel. “God sal my help. Vertel vir my die droom.”

Ismael kyk stip na die slaaf. Dan sug hy.

“Dit is elke aand dieselfde. ‘n Groot kameel staan in die woestyn. Belaai met mooi tapyte en edelgesteentes. Ek hou die kameel vas, maar dan begin die wind skielik waai. ‘n Stuk brood uit die woestyn rol bo-oor die kameel. Die toneel is grusaam.”

Die slaaf staan stil en kyk na die sand by sy voete. Hy is lank stil.

“God gee ‘n waarskuwing aan meneer. Die handel by die mark sal baie goed gaan. U sal goed geld maak en die ou meester sal trots wees. Maar op pad terug van die mark sal almal te gerus raak. Die karavaan sal aangeval word en julle sal alles verloor. Baie sal doodgemaak word deur die rowers.”

Ismael se maag draai. Hy is nie bygelowig nie, maar die droom is elke aand by hom.

“Hoekom sal jou God my waarsku?”

“Die wee van my God is nie altyd duidelik nie.” Die slaaf tel sy arms op en wys die boeie na Ismael. “Ons moet bly glo hy het ‘n plan.”

“Wat dink jou God moet ons doen?”

“Neem ‘n ander roete as gewoonlik terug huis toe, Meneer. Trek so vinnig as moontlik. Neem ekstra manne in diens. Ekstra wagte elke aand.”

Die stilte tussen hulle strek lank. Die wind waai sag teen sy gesig vas. Ismael voel skielik baie rustiger.

Net voor hy die slaaf wegstuur, kyk hy na die seun. “Dit was jou broers wat jou verkoop het? Jy was nie ‘n slaaf nie. Jy is te goed versorg en opgevoed.”

Die jong seun se kop sak, maar hy knik sy kop sag.

Lank na die seun gaan slaap het, sit Ismael nog en uitkyk oor die woestyn.

***

Sy pa sit rustig by die vuur en drink nog water. Elke nou en dan tel hy nog ‘n dadel op en kou stadig daaraan. Voor hom is die sakke met die geld, die juwele en die speserye wat hulle by die huis gaan verkoop.

“So, jy het al die gom, balsem en hars verkoop binne een dag?” Sy pa kyk ongelowig na hom. Ismael knik net sy kop. “En teen amper rekord pryse... hoe het jy dit reggekry?”

“Ek wens ek weet. Dit was soos ‘n stormloop na ons mark toe. Almal het aanhou bie en die pryse het net bly styg. Ek kon my oë nie glo nie. Dit is of ‘n seën oor ons mark gehang het. Maar soos Vader altyd leer... ‘as dit pap reën moet jy skep’...”

“En die slaaf? Die seun, wat het met hom gebeur?”

“Niemand wou hom koop nie. Te tingerig en jonk vir harde arbeid. Sagte handjies. Maar toe kom ‘n hooggeplaaste Egiptenaar daar aan. Een van die Farao se hoofmanne, dink ek.” Ismael glimlag ingenome. “Hy soek ‘n opgevoede en slim jong slaaf vir sy binnehuis, om sy vrou by te staan.”

Sy pa leun vorentoe. “Regtig? Een van die hof amptenare, kan jy nou meer.”

“Ja, sy vrou was ook daar. Sy is mooi en wulps. Ek het my omtrent vergaap aan haar.” Hy kyk verskrik na sy pa, maar die glimlag net alwetend. “Ek het hom vir negentig silwerstukke verkoop. Sonder om eers te kibbel. Die amptenaar se vrou het hom vurig aangepor.”

Sy pa steek sy hand uit na Ismael. “Ek is trots op jou, my seun. Die kokosneut val nie ver van die palmboom af nie... jy het my talente. Miskien nog meer as ek.”

“Dankie, Pa.” Ismael twyfel en frons.

“Wat is fout, my seun. Ek kan sien iets pla jou.”

Hy vertel sy pa die hele storie. Die droom, die jong slaag se uitleg, die hele storie spoel uit sy mond soos dadels wat uit ‘n stukkende sak val. Hy gaan sit uitgeput oorkant sy pa en wag. Hy weet die ou man is baie gelowig en steur hom nie aan bogpraatjies nie.

Sy pa sit sy hand op sy knie. Kyk hom reguit in die oog.

“Huur vir ons nog ‘n paar sterk manne. En koop ekstra swaarde. Saal die kamele op. Nog watersakke. Ons trek vroegoggend. Met die ompad, nie die gewone roete nie.”

“Glo Pa my dan? En die seun se storie?”

“Jy weet goed ek duld nie bogstories nie. Net waarheid uit die groot boek van die profeet.” Sy pa sug. “Maar daar is iets spesiaal aan daardie seun. Ek het hom goed dopgehou. Ons gaan verseker ag slaan op sy waarskuwing.”

---